



Midstream College Pre-Primary  
Midlands Pre-Primary  
Midstream Ridge Pre-Primary

## SKOOLREËLS

Uitnemendheid word aanvaar as spesifieke doel vir hierdie skool. Hiervoor word uitnemendheid gesien as die vermoë tot ontdekking en/of uitvinding van metodes om harmonie te bewerkstellig tussen tegnologie en oorspronklike natuur; tussen siekte en gesondheid; tussen gebrek en oorfloed; tussen reg en onreg; tussen onkunde en insig; tussen man en vrou; tussen ouer en kinders.

Om die saad vir uitnemendheid by jong kinders te saai, word geleentheid gegee vir uitbundige fisieke spel, groot verskeidenheid interessante temas, uitdagende projekte, kreatiewe denke en perkelose verbeeldingsvlugte. Daarby word van elke kind verwag om vreesloos en sonder huiwering deel te neem aan alles.

Om ons in staat te stel om hierdie hoë standaard te bereik, is dit nodig om reëls in plek te hê tot voordeel van ouers, kinders en personeel. Ons skool is op Christelike beginsels gebaseer en het dus 'n Christelike etos.

Teen hierdie agtergrond vergewis uself asseblief van die volgende aspekte rakende die skoolorganisasie.

### **1. SKOOLURE 07:00 – 18:00**

Die hekke open soggens om 07:00 en sluit om 08:10.

Hekke sal oop wees vanaf 12:00 tot 13:10 vir die haal van kinders wat nie vir die middagprogram bly nie. Tussen 13:10 en 14:00 sal die hekke gesluit wees aangesien al ons kleuters dan rus.

ONTBYT:	08:00
AMPTELIKE PROGRAM:	08:10 – 12:40
MIDDAGETE:	12:00 – 12:20 (Junior groepe)
	12:40 – 13:00 (Middel, Senior & Gr R groepe)

Bogenoemde is die amptelike program wat gevolg word. Indien u genoodsaak is om u kind buite hierdie ure af te laai of te kom haal, moet u asseblief vooraf reëlings tref.

Ouers word versoek om nie klasse te ontwrig gedurende die program nie. Daarom sal u nie toegelaat word om tydens ontbyt of enige ander deel van die program in die klasse te bly nie.

Ons volg 'n vier-termyn jaar, maar die skool bied 'n vakansieprogram aan gedurende April, Julie en Oktober vir die kinders van werkende ouers. Ons sal egter vir 'n week in Julie en vir die Desember-skoolvakansie gesluit wees.

# SKOOLREËLS

---

## **2. KLEREDRAG**

Trek asseblief vir u kind gemaklike, ou, wasbare klere aan, want morsige spel vorm deel van u kind se ervaring in die program. Klere wat aksie- of TV karakters soos bv. Spiderman en Superman toon, mag nie skool toe gedra word nie. Die skool se T-hemp en Sweetpak word Vrydae skool toe gedra word. Dit is ook verpligtend gedurende uitstappies en spesiale byeenkomste.

Kinders moet 'n T-hemp of bloesie onder 'n truitjie aantrek sodat die trui verwyder kan word in warm weer.

Geen hoë hakke, platformskoene of "wheelies" word toegelaat nie – aangesien dit voetontwikkeling strem.

Alle klere en skoene moet duidelik gemerk wees.

## **3. AFVALMATERIAAL**

Ons is afhanklik van ons ouers vir die skenking van bruikbare afvalmateriale vir die verryking van ons skeppende aktiwiteite. Dosies, verpakkings, geskenkpapier en alles met interessante vorms en teksture word verwelkom aangesien dit ontdekkings- en ontwikkelingsdinamiek stimuleer. Dieselfde geld vir stukkende implemente wat ons in die Tegnologie-area gebruik.

## **4. VORDERINGSVERSLAE**

Vorderingsverslae word minstens twee keer per jaar uitgegee deur u klasonderwyseres. Graad R-klasse ondergaan 'n Perseptuele Ontwikkeling siftings evaluering gedurende Februarie / Maart om die bykomende intervensie wat per individuele leerder benodig word, vas te stel. Wees verseker dat absoluut geen voorbereiding nodig is vir hierdie assessering nie. Hierdie assessering bevat niks buiten gewoon nie en word in 'n normale klassituasie in groepe van ses (6) gedoen.

## **5. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Musiek, sang, dans, kreatiewe uitdrukking en perseptuele ontwikkeling vorm alles deel van die kind se daaglikse program en van die kurrikulum wat ons volg. Onderrig in bogenoemde word deur tersiër-opgeleide onderwyseresse aangebied in ooreenstemming met die groep se ontwikkelingsvlak. Om ouers te akkommodeer wat nogtans verlang dat hulle kinders aan ekstra aktiwiteite deelneem, word die volgende deur die skool onderskryf:

Playball	-	3-5 jariges
Playtennis SA	-	4-6 jariges
Musiek	-	4-6 jariges
Ballet	-	4-6 jariges

# SKOOLREËLS

---

Kinders in die juniorgroep mag eers in die 3de kwartaal met buitemuurse aktiwiteite begin slegs vir die kinders wat ten volle selfstandig die toilet kan gebruik.

## **6. VERJAARDAE**

Elke groep het hulle eie verjaardag tradisie. U is welkom om lekkernye vir die klas te stuur wanneer u kind verjaar. Hou asseblief in gedagte dat ons gesonde eetgewoontes aanmoedig. Verjaardae word gevier gedurende happietyd.

## **7. MARKDAG, BAK EN BROU**

Markdag en Bak-en-Brou word op afwisselende aangebied (Meer inligting is by die klasonderwyseres beskikbaar).

## **8. MEDIKASIE/SIEKTE**

Elke onderwyseres het 'n medikasieboek wat deur u as ouer voltooi moet word wanneer medisyne aan u kind toegedien moet word. Medikasie word in die stoorkamer toegesluit en moet saans huis toe geneem word vir dosisse wat tuis toegedien moet word. In geval van koors by u kind, sal ons u verwittig en behandeling bespreek (Gesondheidsregulasies verbied ons om siek kinders by die skool toe te laat).

As u kind siek is, hou hom/haar asb. by die huis totdat hy/sy heeltemal gesond is. As hulle skool toe kom terwyl hulle nog siek is, steek hulle die ander kinders aan en neem self ook langer om gesond te word.

## **9. KOMMUNIKASIE**

Weeklikse klasbriewe en nuusbriewe word versprei deur e-pos. Wanneer nuusbriewe uitgestuur word, is die briewe beskikbaar by die tweede hek, in deurskynende houers wat duidelik gemerk is. Elke kind het 'n deurskynende sakkie op sy tas waarin 'n boekie met 'n rooi en 'n blou kant geplaas word. Dit is die kommunikasie tussen u en die onderwyseres. Wanneer die rooi kant sigbaar is, is daar 'n boodskap van die juffrou of die ouer en weet beide partye dat daar 'n boodskap is.

Indien u besorg is oor sake rakende u kind en/of die skool, moet u asseblief die korrekte prosedure volg. Nader eerstens u klasonderwyseres. Indien die saak nie bevredigend aangespreek word nie, kan 'n afspraak met die skoolhoof gemaak word. Die skoolhoof is deel van die Bestuur en sal die Direksie inlig indien nodig. Indien sodanige sake op ander wyses hanteer word, sal Bestuur dit as afgehandel beskou. In alle gevalle kan u professionele optrede van die personeel verwag en soortgelyk sal professionele optrede van u as ouers verwag word.

Sien ook die skool se beleid m.b.t. Leerderingryping.

## 10. AANPASSING

Die aanpassing van u kind by die nuwe skool en onderwyseres kan moeilik wees en neem dalk 'n rukkie. U hoef nie daarvoor ontsteld te wees nie. Met ons ervare personeel behoort u kind binne 'n paar dae aan te pas en tuis te voel. Moenie opgee as gevolg van 'n paar tranerige dae nie – u kind sal rustig word.

## 11. PROFESSIONELE SPAN

Die Skolewet bepaal dat onderwyspersoneel ouers moet begelei en bystaan om betrokke te wees by die opvoedingspad wat die kind in die skool volg. Assessering van u kind vind deurlopend plaas om te verseker dat probleemareas gou opgespoor word en die nodige steun gegee word.

Indien die personeel tot die gevolgtrekking kom dat u kind gespesialiseerde aandag nodig, sal u dienooreenkomstig ingelig word. Ons verwys nie kinders na spesialiste nie, maar hou 'n lys van verskillende spesialiste van wie u kan gebruik maak, indien u sou wou.

Die Bestuur word geadviseer deur 'n Paneel van kundiges. Sien ook die skool se beleid m.b.t. Leerderingryping.

## 12. HAPPIES (Baie belangrik)

Kinders word SLEGS toegelaat om 'n toebroodjie en vrugtesap skool toe te bring vir hulle oggendhappie. Lekkers of skyfies bederf die kinders se aptyt vir die gesonde middagmaal wat aangebied word.

## 13. ETES

Ons kombuis kan ongelukkig nie enige geloofs- of allergiese spesifikasies rakende ons spyskaart akkommodeer nie. As u kind sekere goed nie mag eet nie, is u meer as welkom om 'n afskrif van die spyskaart by die kantoor te kry en op dae wat daar iets is wat u kind nie eet nie, 'n plaasvervanger ete te stuur. Sodanige etes moet in 'n duidelik gemerkte houer gestuur word en u moet die onderwyseres daarvan verwittig. Daar is geen afslag vir etes wat u stuur nie.

## 14. BUITESPEL

Die buite-area is 'n verlenging van die leerprogram binne. Dit bied meer geleentheid vir groot-motoriese beweging en ondersoekende aktiwiteite. Al hierdie aktiwiteite vorm deel van die kind se totale leerervaring.

“Movement activates the neural wiring throughout the body, making the whole body the instrument of learning”

# SKOOLREËLS

---

“Beginning in infancy and continuing throughout our lives, physical movement plays an essential role in creating nerve cell networks that are the essence of learning” (Hannaford C; 1995).

“The first requirement in designing any child care space should be to maximize opportunities for children to move their entire body freely and extensively in all directions. Whether indoors or out, our designs must be based on what children do when they are moving – the specific ways they move.

Their bodies in relation to space and objects.

“Children climbing... crawling... sliding... balancing... hiding.....and jumping off.... are not simply being obstreperous. Their actions are motivated by a deep, primary, developmental need to explain the multifaceted parameters of physical activity” (Olds, A.R; Human Ecology Forum 1980).

“Movement – exploration, which utilizes divergent problem solving with many different responses to a single challenge, allows children to respond to challenges at their own developmental levels and rates” (Pica, R; 1993).

3.

Ons beplanning van die Buiteterrein is gebaseer op dit wat hierbo gestel word en nog meer. MCPP, MLPP en MRPP streef daarna om aan u kind soveel geleenthede as moontlik te bied om oor 'n wye gebied te ontwikkel.

Ons vra dus u steun met hierdie onderneming deur u kind toe te laat om bewegings-ervarings op te doen op hierdie terrein. Ja, ongelukke kan gebeur, maar ons probeer om dit tot die minimum te beperk deur baie deeglike toesig en ondersteuning.

Ons nooi u uit om die terrein te besigtig en sal enige van u vrae beantwoord. Wanneer u die aanvaarding van die skoolreëls onderteken, geld dit ook as toestemming dat u kind die terrein mag gebruik (Sien die Skool se Toelatingspak).

## **15. REKENINGE**

Rekeninge word uitgestuur aan die begin van elke maand en moet voor of op die 7<sup>de</sup> van die opvolgende maand vereffen word. Indien dit nie geskied nie, sal 'n aanmaning aan u gestuur word. Na verdere versuim om te betaal voor die 15<sup>de</sup> van die maand sal u reëlings met die administrasie moet tref om u kind se plek in die skool te verseker (Sien Finansiële Ooreenkoms soos onderteken in die Skool se Toelatingspak).

## **16. AFHAAL VAN U KIND**

# SKOOLREËLS

---

Die hekke sluit tussen 13:10 en 14:00 om die kleuters toe te laat om te rus. U sal slegs toegelaat word om die skool gedurende hierdie periode binne te kom indien u vooraf die nodige reëlings getref het onderhewig aan die beleid m.b.t. buitemuurse aktiwiteite.

Indien iemand anders as uself u kind moet kom haal, moet u asseblief die betrokke oggend die nodige reëlings telefonies met administrasie tref. U kan ook die nodige instruksies in die aangewese boek in die kantoor skryf.

Nasorg sluit stiptelik om 18h00. Enige kind wat laat afgehaal word, sal beboet word met R50 per 10 minute of 'n gedeelte daarvan.

## **17. ONGELUKKE**

Daar is ten alle tye ten minste een personeelid aan diens wat in Noodhulp opgelei is. Elke onderwyseres het 'n basiese noodhulpkissie byderhand en daar is 'n goed-toegeruste noodhulpkis in die kantoor. In geval van 'n ongeluk, is daar 'n behoorlike prosedure wat deur die personeel gevolg moet word. 'n Verslag word in die Insidenteboek geskryf vir u inligting. Indien die besering van so 'n aard is dat mediese ingryping nodig is, word 'n volledige verslag aan u voorsien.

## **18. SPEELGOED**

Geen speelgoed van enige aard word toegelaat by die skool nie. Personeel kan nie verantwoordelikheid neem vir die beskerming van sulke items nie en dit veroorsaak probleme tussen die kleuters.

## **19. KURRIKULUMBELEID VAN MCPP, MLPP EN MRPP**

- MCPP, MLPP en MRPP volg 'n Perseptuele Ontwikkelingsprogram wat die Suid Afrikaanse Kurrikulum Verklarings ondersteun. Hierdie Verklarings is die hersiene weergawe van Kurrikulum 2005.
- Hiervolgens is die metode van onderrig gegrond op Uitkomsgebaseerde Onderrig. (UGO) Die basiese beginsels in UGO word aangewend by MCPP, MLPP en MRPP.
- Kinders moet nie net kennis versamel nie, (soos die geval van memorisering) maar moet ook verstaan wat hulle leer. Daarmee saam moet die nodige vaardighede bekom word, houding gekweek word en waardesisteme gebou word wat by die kennis hoort.
- Kinders moet aktief betrokke wees in die leerproses en hulle kreatiwiteit verbreed.
- Kinders word die geleentheid gebied om op verskillende wyses teen hulle eie pas te werk. Nogtans werk hulle binne 'n tydraamwerk.

Ons beklemtoon die kern-veronderstellings van UGO:

- Alle leerders kan suksesvol studeer.
- Sukses kweek sukses.

# SKOOLREËLS

---

- Opvoedkundige instellings bepaal die (opvoedkundige) omstandighede wat sukses verseker.
- Laastens wil ons u aandag daarop vestig dat UGO alreeds sedert 1970 in Regerings-kleuterskole geïmplementeer was. Die sukses van hierdie skole was algemene kennis en is goed gedokumenteer. Een van die redes is dat UGO 'n uitstekende wyse van onderrig is in die Aanvangsfase (Gr.R tot Gr. 3) en dat dit wêreldwyd die mees uitnemende wyse van onderrig is.
- U sal deurlopend inligting ontvang omtrent die Leerprogram van die skool, aangesien ons glo dat u as ouers by die leerproses van u kind betrek moet word.
- Die klasgroottes wissel van 23 – 27 kinders per klas. Elke klas het 'n onderwyseres en 'n onderwyser-assistent.

## 20. TAALBELEID

Op grond van herhaalde aanbevelings van navorsers, aanvaar ons slegs Afrikaans en Engels moedertaal sprekers met geen ruimte vir uitsonderings nie.

Verwarring is moontlik oor die verskillende benamings van taal. Moedertaal is die taal wat aangeleer word “aan moeder’s knie”. Huistaal word beskou as die taal wat tuis gepraat word en dit hoef nie noodwendig die moedertaal te wees nie. Die skool maak voorsiening vir Afrikaans of Engels as onderrigtaal en kinders word in die ooreenstemmende klas geplaas. Waar gesinne Afrikaans of Engels as huistaal gekies het, kan kinders uit daardie gesinne aanvaar word slegs as hulle die gekose taal op dieselfde vlak as moedertaal verwerf het. Die skoolbestuur se oordeel aangaande 'n kind se taalvaardigheid is deurslaggewend en finaal vir opname van die betrokke kind.

## 21. KENNISGEWING

Een maand se skriftelike kennisgewing moet gegee word, behalwe in die laaste kwartaal, waar kennis gegee moet word op die eerste dag van Oktober, want November word nie as kennisgewing maand gesien nie.

## 22. POTJIE-AFRIGTING

Hierdie is 'n baie belangrike stadium in u kind se lewe. Dit behoort 'n gesonde ervaring te wees sonder spanning. Ons personeel is ervare en baie geduldig en ons hoop u sal dit tuis ook so hanteer.

Die prosedure lyk soos volg:

- Afrigting begin met die oudste kinders in die groep.
- U sal 2 weke voor die tyd ingelig word.
- Moet nie onnodige druk op u kind plaas nie – dit sal die proses onnodig uitrek.
- Volg ook dieselfde prosedure tuis. Dit is belangrik dat u betrokke sal bly.
- Stuur 3-5 stelle klere sowel as plastieksakke vir nat klere. Klere moet verkieslik 'n rekkie om die middel hê vir maklike aan- en uittrek.

# SKOOLREËLS

---

Kinders behoort teen 3-jarige ouderdom toilet-afgerig te wees. Die skool kan dus nie nuwe inskrywings aanvaar van kinders in die middelgroep (3 jaar en ouer), wat nie toilet-afgerig is nie.

Neem asseblief kennis van bogenoemde en hou by hierdie reëls. Voltooi die Skoolreëls-ooreenkoms op dieselfde bladsy as Finansiële-ooreenkoms en stuur dit saam met u Toelatingspak terug.

Ons sien uit daarna om deel te wees van die verryking van u kind se opvoeding.

Mag die tyd hier by ons skool vir u en u kind 'n besondere tyd wees waaruit mooi herinneringe sal voortspruit.